

Donderdag 27 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 6:22-27

Fokusgedeelte: Johannes 6:26

Waarom soek jy na Jesus?

Die volgende dag, ná die wonder van die eerste vermeerdering van die brood, is die mense op soek na Jesus. Hulle het gesien dat sy dissipels reeds sonder Hom oorgevaar het na Kapernaum. Hulle soek na die man wat aan hulle brood gegee het wat hulle versadig ...

Hierdie nuuskierigheid is nie deur geloof nie. Jesus wys dit uit in vers 26. Hulle kom soek die Here nie omdat hulle 'n wonder gesien het nie, maar omdat hulle lekker brood geëet het.

Waarom soek hulle die Here? Want hulle wil nog van daardie brood eet ... Hulle soek die aardse voordele sonder om die hemelse heerlijkheid raak te sien. Soms kan mense in die kerk wees bloot om hulleself te bevoordeel. Ook die nagmaal kan 'n nuuskierigheid wees waar ons die Here soek bloot vir eie gewin.

Die wêreld oor is daar sektes en kerke wat roem in die soeke na Jesus, maar dan met die fokus op die lekker brood ... Ons glo waarlik dat die Here ons sal versorg met ons daaglikse brood. Die nagmaal wys ons egter na iets meer – dat ons sonder Christus geestelik aan hongersnood ly.

Waarom kom jy na die nagmaal? Waarom soek jy Jesus aan tafel? Vir jou eie voordeel, of omdat jy oortuig is dat jou lewe alleen waarde het in Hom? Soek jy na die brood op die tafel, of na die brood van die lewe? Die Here wil aan ons meer gee as net lekker brood ... Maak tyd in jou besige skedule om die ware hemelse spys te eet, want dit versadig jou ewige honger.

Versadig jou met die Brood van die lewe, en Hy sal jou versorg in jou daaglikse nood.

Sing: Psalm 107-1:2, 4

Ds. LJE Venter (Lourens) (Kimberley)